# DIE BOEK

## Week 4 – Die verdrukking (Open.6-19)



# OPENBARING

# Die Bybel gee 'n klomp informasie oor die 7 jaar van die verdrukking.

- Daniel 10- 12
- Sefanja 1-3
- Jesaja 2:6-22; 24
- Mattheus 24
- Openbaring 6-19 (14 Hoofstukke)



Ek het dan gekom om jou inligting te gee oor wat jou volk aan die einde van die dae te beurt sal val, want die gesig sien nog op die verre toekoms. (Dan. 10:14 AOV)



Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie.  (Mat. 24:21 AOV)

This is going to be trouble on a scale beyond what the world has ever seen, or will see again.  (Mat. 24:21 MSG)



En die Here  sal julle onder die volke verstrooi, en ’n klein klompie van julle sal onder die nasies oorbly waarheen die Here julle sal drywe.  En daar sal julle gode dien, die werk van mensehande, hout en klip wat nie sien en nie hoor en nie eet en nie ruik nie.  **As jy in die nood is en al hierdie dinge aan die einde van die dae oor jou kom**, sal jy na die Here jou God terugkeer en na sy stem luister. Deut. 4:27-28, 30 AFR53




Wee, want die dag is groot, sonder weerga! En dit is ’n tyd van benoudheid vir Jakob; maar hy sal daaruit verlos word. Jer.30:7 AOV



EN in dié tyd sal Mígael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal ’n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat ’n volk bestaan het tot op dié tyd nie; maar in dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan. Dan. 12:1 AFR53



En in die ganse land, spreek die HERE—twee-derdes sal daarin uitgeroei word, sal sterwe, maar een-derde daarin oorbly.(Sag. 13:8 AOV)



# Wanneer dit gaan gebeur?

Kyk, Ek maak Jerusalem vir al die volke rondom tot ‘n beker van bedwelming, en ook teen Juda sal dit wees tydens die beleëring teen Jerusalem. En in dié dag maak Ek Jerusalem tot ‘n baie swaar klip vir al die volke: elkeen wat dit optel, sal hom daarmee sekerlik seer maak; en al die nasies van die aarde sal daarteen vergader word. (Sag.12:2-3 AOV)

En leer van die vyeboom hierdie gelykenis: Wanneer sy tak al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is. So weet julle ook, wanneer julle ál hierdie dinge sien, dat dit naby is, voor die deur. Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat al hierdie dinge gebeur het nie.

(Mat. 24:32-34 AOV)



1. Israel ‘n staat (14 Mei, 1948),
Eseg.20:34 en 37:1-28

2. Wereldwye belangstelling in Israel, Sag.12:2

3. Die wêreldheerser die antichris (witperd) tree na vore Open.6:2


4. Politieke vredesverdrag tussen Israel, Arabiese lande en wêreld, Dan.9:27

4. Herbou van die Tempel, Mat.24:15, Open.11:1



Hoe lank gaan dit duur?

En hy sal een week lank met baie ‘n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar ‘n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word.(Dan. 9:27 AOV)



42 –maande, 3.5 jaar/  1260 dae = 3.5 jaar

Maar die voorhof buitekant die tempel moet jy uitlaat en dit nie meet nie, want dit is aan die heidene gegee; en hulle sal die heilige stad twee en veertig maande lank vertrap. En Ek sal aan my twee getuies gee dat hulle, met sakke bekleed, duisend twee honderd en sestig dae lank sal profeteer.(Open.11:1-3 AOV)


En ‘n mond is aan hom gegee wat groot woorde en godslasteringe uitspreek, en aan hom is mag gegee om dit twee en veertig maande lank te doen. (Open.13:5 AOV)



Wat is die doel daarvan?

Die dissipline van Israel voleindig word:  (Dan. 9:24)

Die oordeel van die ongelowige wêreld (Open. 6-18)



'Ek het toe in die regterhand van Hom wat op die troon sit, ’n boekrol gesien, vol geskryf aan die binne- én die buitekant, en deur sewe seëls deeglik verseël. Ek het ook ’n sterk engel gesien wat met ’n kragtige stem uitroep: “Wie is waardig genoeg om die boekrol oop te maak deur die seëls daarvan te breek?” ‘ OPENBARING 5:1-2



'Terwyl ek gekyk het, het die Lam een van die sewe seëls oopgebreek; en ek het een van die vier lewende wesens met ’n geluid soos ’n donderslag hoor sê: “Kom!” ‘

Open. 6:1



1. Wat hierna gaan gebeur (profetiese verloop)

- **Sewe seëls** (Openb. 6–8:1)
- **Sewe trompette** (Openb. 8–11):
- **Sewe bakke** (Openb. 15–16)
- **Val van die valse godsdiens (Openb. 17)**
- **Val van die politieke en ekonomiese ryk (Openb.18)**
- **Wederkoms (Openbaring 19)**



# 2. Wie die rolspelers is (Openb.12-13)

- **God en die Lam (Jesus Christus):** Die Oordeelvoerder en die Een wat die seëls oopmaak. Hy is Koning van konings en Here van here.
- **Die Heilige Gees en die engele:** Bemiddel in aanbidding, dra boodskappe, en voer God se oordele uit.
- **Die martelare / gelowiges:** Hulle volhard onder vervolging en word uiteindelik beloon.
- **Die draak (Satan):** Die groot teenstander, die ou slang.



- **Die dier uit die see:** ’n wêreldleier of politieke sisteem wat mag en beheer uitoefen.
- **Die dier uit die aarde (valse profeet):** Verteenwoordig ’n godsdienstige sisteem wat die mensdom mislei om die dier te aanbid.
- **Babilon die groot hoer:** ’n simbool van die korrupte wêreldorde wat rykdom, verleiding, ekonomiese mag en godsdienstige onsedelikheid verteenwoordig.
- **Die nasies en hulle konings:** Hulle is betrokke by die ekonomiese en politieke sisteem van Babilon en word uiteindelik geoordeel.



# 3.Die geestelike oorlog agter die geskiedenis (Openb. 12):

'Daar het ook 'n ander teken in die hemel sigbaar geword: Kyk net – 'n groot rooi draak met sewe koppe en tien horings en op sy koppe was daar sewe koningskrone. '

OPENBARING 12:3



# Goddelike Drie-eenheiden bose drie-manskap

| Persoon | Goddelike drie-eenheid | Bose drie-manskap |
| --- | --- | --- |
| **Eerste** | Vader | Satan (Openb.12) |
| **Tweede** | Seun | Antichris (Open.13:1-10) |
| **Derde** | Heilige Gees | Valse profeet (Open.13:11-18) |

# Satan

En ‘n ander teken het in die hemel verskyn, en daar was ‘n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone; en sy stert het die derde van die sterre van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi. En die draak het gestaan voor die vrou wat op die punt was om te baar, sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het. (Open. 12:3-4 AOV)



- Vuurrooi – bloed en vernietiging, Mense moordenaar Joh.8:44
- Sewe koppe en Tien horings, Sewe krone, Koninkryke en konings
- Vyf name – Groot draak, ou slang, Satan, Duiwel, verleier
  - Groot draak – Woede
  - Ou slang – Tuin van Eden
  - Satan – Vyand en  opponent van God se kinders
  - Duiwel – Valse beskuldiger
  - Verleier - Die groot nabootser en verleier van God se uitgekiesdes is
- Val van Satan in oorlog met Michael Jes.14 en Eseg. 28




# Antichris Openbaring 13

En ek het ‘n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings, en op sy horings tien krone en op sy koppe ‘n naam van godslastering. En die dier wat ek gesien het, was soos ‘n luiperd, en sy pote soos dié van ‘n beer, en sy bek soos die bek van ‘n leeu; en die draak het hom sy krag gegee en sy troon en groot mag. En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan. (Open.13:1-3 AOV)

# Valse profeet

En uit die aarde het ek ‘n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos ‘n lam en het gepraat soos ‘n draak. En hy oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë, en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid, waarvan die dodelike wond genees is. Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle ‘n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het. (Open.13:11-14 AOV)



- Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei. (Mat 24:24 AOV)

- Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei. (Mark. 13:22 AOV)



# Antichris x 4 keer – Politieke – ekonomiese bevryder-leier valse messias/god van die toekoms

**Die Titels**

- Klein horing Daniel 7:8
- Vors Dan.9:26
- Koning Dan.11:36
- Mens van sonde 2 Thes.2:3
- Seun van die verderf 2 Thes.2:3
- Antichris 1 Joh.2:18,22
- Ruiter van die wit perd Open.6:2
- Dier Open. 13:1-10



- Kom uit die see op – Mensdom
- Sewe koppe – die verlengstuk 7 regerings, Egipte, Assirie, Babelonie, Mede en Perse, Griekeland, Romeine, Antichristiese regering
- Tien horings en tien tone – Tien konings, regerings in laaste dae
- Op die koppe die naam van godslastering – Domitianus: Dominus et Deus noster – ons Here en ons God.



- Luiperd, beer pote, leeu bek en die krag van ‘n draak en troon Daniel.7 (leeu= Romeine, Luiperd= Griekeland Alexander die grote, Beer = Mede en Perse. In teenoorgestelde orde in Daniel. Johannes kyk terug
- Dodelike wond vers 3
- Aanbidding vers 4 – Niemand vergelykbaar met of teen dit veg nie
- Godslastering in mond vir 42 maande vers 5-6
- Oorlog teen heiliges vers 7



| Christus | Antichris |
| --- | --- |
| **Seun van God Joh.1:34** | Seun van die verderf 2 Thes.2:3 |
| **Heilige een Mark.1:24** | Wettelose een 2 Thes.2:3 |
| **Kom van die Hemel Joh.3:13** | Kom van die bodemlose put Open.11:7 |
| **Bekragtig deur die HG. Luk.:14** | Bekragtig deur Satan Open.13:4 |
| **Doen die Vader se wil Joh.6:38** | Doen sy eie wil Dan.11:36 |
| **Reinig die tempel Joh.2:14-16** | Ontreinig die tempel Mat.24 |
| **Man van hartseer Jes.53:3** | Man van sonde 2 Thes.2:3 |
| **Verneder Homself Fil.2:8** | Verhoog homself Dan.11:37 |
| **Word die lam genoem Joh.1:36** | Word die dier genoem Open.11:7 |
| **Word in die Hemel opgeneem Luk.24:51** | Word na die hel gestuur Open.19:20 |

# Ander skrifte

Daarna het ek in die naggesigte gesien, en kyk, daar was 'n vierde dier, vreeslik en skrikwekkend en baie sterk, en dit het groot ystertande gehad; dit het verslind en vermorsel en die oorskot met sy pote vertrap; en dit was verskillend van al die diere wat voor hom gewees het, en dit het tien horings gehad. Terwyl ek op die horings ag gee, kom daar 'n ander horinkie tussen hulle op, en drie van die vorige horings is daarvoor ontwortel; en kyk, in hierdie horing was oë soos mens-oë, en 'n mond wat groot dinge spreek. (Dan 7:7-8 AOV)



# Daniel 11:36-45

Hy ...

- ... gaan ‘n koning wees wat doen wat hy wil.
- ... gaan homself bo god stel en verskriklike dinge sê
- ... gaan suksesvol wees
- ... gaan geen aantrekking tot vroue hê nie
- ...  aanbid god mediators
- ... gaan gehelp word deur ‘n vreemde god (satan)
- ... gaan in botsing kom net die konings van die suide en noorde en hy sal oorwin.
- ... gaan baie magtig wees
- ... gaan ‘n groot paleis bou
- ... gaan aan sy einde kom en niemand sal hom kan help nie



# Valse profeet – godsdienstige leier van die toekoms 3 x genoem 16:13, 19:20, 20:10

- Sal heiliges mislei Mat.24:24
- Uit die aarde – Opgestaan?
- Anti-gees in die hel Open.20:10
- Verheerlik die dier en lei aanbidding
- Doen tekens soos vuur van die hemel af
- Seel mense merk van die dier
- Beeld maak gees aan die beeld gee sodat kan praat




# Die verdukking is:
# Sewe seëls, sewe trompette en sewe bakke van oordeel

- **3 = Goddelike realiteit / volheid (Drie-eenheid, bevestiging, geestelike intensiteit).**

- **7 = Volmaakte voltooiing van God se plan (volheid van oordeel, seën en oorwinning).**

- **Volkome openbaring / Goddelike volheid in dimensies**



## Eerste seël 6:1-2

En ek het gesien, en kyk, daar was ‘n wit perd. En hy wat daarop sit, het ‘n boog; en aan hom is ‘n kroon gegee, en hy het uitgegaan as ‘n oorwinnaar en om te oorwin.  (Open. 6:2 AOV)




Tweede seël 6:3-4 (Oorlog)

En ‘n ander perd, ‘n vuurrooie, het uitgekom, en aan hom wat daarop sit, is dit gegee om die vrede van die aarde af weg te neem en dat hulle mekaar sou doodmaak; en ‘n groot swaard is aan hom gegee. (Open. 6:4 AOV)

## Derde seël 6:5-6 (Die gevolg van oorlog = hongersnood)

En toe Hy die derde seël oopgemaak het, hoor ek die derde lewende wese sê: Kom kyk! En ek het gesien, en kyk, daar was ‘n swart perd; en hy wat daarop sit, het ‘n skaal in sy hand. (Open. 6:5 AOV)


En ek het ‘n stem tussen die vier lewende wesens hoor sê: ‘n Rantsoen koring vir ‘n penning en drie rantsoene gars vir ‘n penning; en moenie die olie en die wyn beskadig nie. (Open. 6:6 AOV)



# Vierde seël = die dood

En toe Hy die vierde seël oopgemaak het, hoor ek die stem van die vierde lewende wese sê: Kom kyk! (Open. 6:7 AOV)

En ek het gesien, en kyk, daar was ‘n vaal perd. En hy wat daarop sit, sy naam is die dood, en die doderyk het hom gevolg. En aan hulle is mag gegee oor die vierde deel van die aarde om dood te maak met swaard en hongersnood en pes en deur die wilde diere van die aarde. (Open. 6:8 AOV)



# Vyfde seël = Martelaarskap

En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het. En hulle het met ‘n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie? (Open. 6:9-10 AOV)

En aan elkeen van hulle is wit klere gegee; en aan hulle is gesê dat hulle nog ‘n klein tydjie moes rus totdat ook hulle medediensknegte en hulle broeders wat nog gedood sou word soos hulle, voltallig sou wees. (Open. 6:11 AOV)



# Sesde seël = Katastrofiese gebeure

En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was ‘n groot aardbewing; en die son het swart geword soos ‘n harige sak, en die maan het geword soos bloed; en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos ‘n vyeboom wat deur ‘n groot wind geskud word, sy navye laat afval; en die hemel het weggewyk soos ‘n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit;(Open.6:12-14 AOV)




- ... want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan? (Open.6:17 AOV)




# 2. Die Sewe Trompette (Openbaring 8–11)

- Die trompette bring **meer intense en gefokusde oordele** op die aarde, dikwels as waarskuwings wat mense nog ’n kans gee tot bekering.
- **Trompet 1**: Hael, vuur en bloed vernietig plantegroei.
- **Trompet 2**: ’n Brandende berg (moontlik meteoor/see-rampspoed) vernietig oseane en skepe.
- **Trompet 3**: ’n Ster (Wormhout) vergiftig riviere en waterbronne.
- **Trompet 4**: Duisternis oor son, maan en sterre – kosmiese ontwrigting.



- **Trompet 5** (eerste “wee”): Demoniese sprinkane uit die afgrond – geestelike pyn en verleiding.
- **Trompet 6** (tweede “wee”): ’n Massiewe leër wat ’n derde van die mensdom vernietig.
- **Trompet 7** (derde “wee”): Verkondiging van God se finale koningskap en die aanbreek van die eindtyd.



- **Diep betekenis**: Die trompette is waarskuwingsgerigte oordele. Hulle wys dat God nog steeds mense kans gee tot bekering voordat die finale toorn kom. Dit beklemtoon Sy genade en regverdigheid.

# . Die Sewe Bakke van God se Toorn (Openbaring 16)

- Die bakke is die **finale en volle uitstorting van God se oordeel**, sonder enige verdere waarskuwings of genadetyd.
- **Bak 1**: Pynlike swere op mense wat die dier aanbid.
- **Bak 2**: Die see word bloed – totale vernietiging van seeliewens.
- **Bak 3**: Riviere en fonteine word bloed.
- **Bak 4**: Die son brand mense met hitte.

- **Bak 5**: Duisternis en pyn oor die koninkryk van die dier.
- **Bak 6**: Die Eufraat droog op – voorbereiding vir die eindstryd by Armageddon.
- **Bak 7**: “Dit is volbring” – ’n geweldige aardbewing, val van Babilon, haelstorm.
- **Diep betekenis**: Die bakke is die **volledige en finale uitvoering van God se oordeel** oor boosheid. Hierna is daar geen terugdraai nie – dit eindig met die oorwinning van Christus en die vestiging van God se ewige koninkryk.